# DIE HUISGENOOT

## Geïllustreerde Weekblad

Onder Redaksie van
J. M. H. VILJOEN

Uitgegee deur
Die Nasionale Pers, Beperk, Posbus 692, Kaapstad

DEEL XXVI, No. 1012 — 15 AUGUSTUS 1941 — AAN DIE HOOFPOSKANTOOR GEREGISTREER AS 'N NUUSBLAD — PRYS 4d.


## Steun die Eisteddfod

DIE pragtige steun wat die Afrikaanse Eisteddfod weer vanjaar van die kant van mededingers ontvang het, is baie bemoedigend vir die bestuur en dui tewens daarop dat die wedstryde andermaal werk van hoë gehalte sal oplewer. Wat veral opmerklik is, is die groot aantal inskrywings vir die gesamentlike nommers. Daar sal byvoorbeeld nie minder as dertien kinderkore en sewentien spreekkore meeding nie, en in die afdeling volkspele, die jongste toevoeging tot die sillabus, sal daar vier groepe volwassenes en sewe kindergroepe wees.

Net so bevredigend is die toename in die instrumentale afdeling, wat byna vyf maal soveel inskrywings as verlede jaar getrek het. In die afdeling klavierspel is daar nie minder as tagtig-inskrywings ontvang nie. Voordrag is nog steeds die gewildste afdeling, en toe die inskrywings gesluit het, was daar sowat 280 in die hande van die sekretaresse. Die volledige syfers kon ongelukkig nie aan ons verstrek word nie, maar alles dui daarop dat daar 'n nuwe hoogtepunt bereik sal word.

Die opening vind op Vrydagaand, 15 deser, in die stadsaal plaas. Ander belangrike datums is die volgende: 18—23 Augustus, tentoonstelling van handwerk in Argus-saal, Burgstraat; 29 Augustus, volkspelevertoning; en 19 September, pryswinnerskonsert, laasgenoemde twee albei in die stadsaal.

Niemand wat nog nie so 'n groot onderneming help organiseer het, kan ook maar enigsins besef hoeveel werk dit meebring en met hoeveel hoofbrekens dit gepaard gaan nie. Wat die organisasie verder bemoeilik, is die feit dat al die organiseerders, met uitsondering van 'n tikster, wat ook nog in diens van ander verenigings is, die werk in hul vrye tyd moet doen, bloot uit liefde vir die saak. Ons wil dit beklemtoon, omdat ons graag meer steun van die kant van die publiek vir die Eisteddfod wil sien. Dit hoef ook nie net uit piëteitsgevoel gedoen te word nie, want bloot uit 'n kunsoogpunt beskou is dit beslis die moeite werd om nie alleen die kooraande of die pryswinnerskonsert by te woon nie, maar ook die ander toetse, veral in die afdelings sang en die ope klasse vir voordrag en instrumentale musiek. Trouens, vir die deskundige sal die toetse veral interessant wees, omdat 'n mens daar die beste geleentheid kry om die gehalte van die werk te beoordeel. Dit is nie alleen u finansiële steun wat die Eisteddfod nodig het nie — al is die behoefte in hierdie opsig steeds groot — maar veral u persoonlike belangstelling; en ons hoop van harte dat die verskillende wedstryde vanjaar 'n groter publiek sal trek as ooit tevore. Besonderhede van die wedstryde sal gereeld in die plaaslike koerante vermeld word.

## Beheer oor Musiekonderwys

MET uitsondering van die mediese beroep is daar seker nie nog een waarvan kwaksalwers so misbruik maak as dié van die musiekonderwys nie. Goed gekwalifiseerde musiekonderwysers het 'n lang en buitensporig duur opleiding agter die rug, veral as hulle, soos die geval dikwels is, 'n onderwyssertifikaat vir meer as een instrument besit. Aan ons universiteite volg hulle 'n kursus wat, met uitsondering van die mediese kursus, duurder is as enige ander. Nadat so 'n student se opleiding voltooi is, staan daar twee weë vir hom oop: hy kan hom òf onafhanklik as musiekonderwyser iewers vestig en geleidelik 'n aantal leerlinge om hom saamtrek, òf hy kan hom 'n aanstelling as orrelis aan een of ander kerk laat welgeval en in sy vrye tyd les gee. Maar in albei gevalle is sy verdienste buite alle verhouding klein in vergelyking met die koste wat aan sy opleiding verbonde was. Maar naas die bespotlike salaris wat hy as orrelis verdien en die geringe vergoeding wat hy as musiekonderwyser verplig is om te vra, moet hy ook nog meeding met ongekwalifiseerde en meestal onbevoegde amateurs wat dit kan bekostig om teen veel geringer besoldiging te werk.

Hierdie toestand van sake is nie slegs uiters onregverdig teenoor gekwalifiseerde musiekonderwysers nie, dis ook nadelig vir die standaard van musiekonderrig in die algemeen. Daarom verwelkom ons die wetsontwerp wat die Suid-Afrikaanse Vereniging van Musiekonderwysers opgestel het en wat aan die Volksraad voorgelê sal word. Daarin word voorsiening gemaak vir die benoeming van 'n raad waarby bevoegde musiekonderwysers hulle kan laat registreer. Geregistreerde onderwysers sal 'n titel kan gebruik, sodat die publiek kan weet wie bevoeg vir die werk is en wie nie. Hierdie bepalings beoog die beskerming van die publiek en slegs onregstreeks die belange van die musiekonderwysers. Ons hoop dat daar 'n tyd sal kom dat ongekwalifiseerde persone, net soos in die geval van die mediese beroep, nie die reg sal hê om met gekwalifiseerdes mee te ding nie.

## Aan Lesers en Medewerkers

IN vergelyking met die meeste ander lande het Suid-Afrika ten opsigte van sy papiervoorrade tot dusver in 'n baie gunstige posisie verkeer, en koerant- en tydskriflesers kon nie juis kla dat hulle nie volle waarde gekry het vir die beskeie prys wat hulle vir hul koerante en ander leesstof van soortgelyke aard betaal het nie. In die laaste tyd het daar egter in een koerant na die ander, Engels sowel as Afrikaans, kennisgewings verskyn wat daarop dui dat hierdie gelukkige toestand nie meer langer kan voortduur nie. Dit het ook nie net by kennisgewings gebly nie, want die betrokke koerante se omvang is dadelik aansienlik verklein.

Die rede vir hierdie stap lê natuurlik voor die hand. Die toevoer van papier — wat nou uitsluitend uit die Verenigde State en Kanada ingevoer word — geskied nie meer gereeld nie, en die verskepingsmoeilikhede kan in die toekoms nog groter word. Ons direksie het dit dus nodig geag om enkele stappe te doen om ons reservevoorraad so lank moontlik onaangetas te laat. Die eerste was om koerante en tydskrifte wat ons firma uitgee, enigsins kleiner te maak. Tot dusver was dit gelukkig nie alte drasties nie, en *Die Huisgenoot* kon deur die gebruik van 'n kleiner drukletter tot 'n groot mate daarvoor vergoed wat die leesstof betref. Ongelukkig het dit egter noodsaaklik geword om die blad se omvang verder te verklein, en vanaf die begin van September sal dit weekliks 64 bladsye beslaan in plaas van 72, soos tot dusver die geval was. Dit is haas onnodig om by te voeg dat die geringer omvang van die blad die taak van die redaksie aansienlik moeiliker sal maak; want ons sal nog steeds dieselfde uiteenlopende leserspubliek moet dien en dus binne 'n veel kleiner omvang net so 'n groot verskeidenheid leesstof moet aanbied as in die verlede. Medewerkers sal ons baie help en tewens ook die plasing van hul bydraes bespoedig as hulle dit so kort en saaklik as moontlik maak. Ons wil nie hierdeur te kenne gee dat ons in die vervolg die gehalte van 'n bydrae volgens die omvang daarvan sal bepaal nie; maar as daar gekies moet word tussen twee ewe goeie of ewe middelmatige bydraes, sal die kortste noodwendig die voorkeur kry. Ons hoop medewerkers wat tot wydlopigheid geneig is, sal hiervan kennis neem!

* * *

'n Tweede stap waartoe ons direksie besluit het en waarop ons tevore reeds die aandag van lesers gevestig het, is om nie meer onverkoopte eksemplare van *Die Huisgenoot* van ons agente terug te neem nie. Agente het dus opdrag gekry om net soveel eksemplare te bestel as waarvoor hulle vaste kopers het. Lesers wat die blad nie deur die pos ontvang nie, maar dit by 'n agent koop sonder dat hulle 'n vaste bestelling daarvoor geplaas het, mag dus teleurgestel word. Om dit te voorkom, wil ons hulle versoek om òf in te teken en die blad sodoende gereeld deur die pos vir hulle te laat aanstuur, òf om 'n vaste bestelling daarvoor by hul agent te plaas. Hulle sal anders nie van gereelde aflewering van die blad verseker wees nie. Ons wil lesers ernstig versoek om hul medewerking en kan hulle tewens verseker dat hierdie reëling alleen sal voortduur solank dit noodsaaklik is.

## Terminologie vir Liggaamlike Opvoeding

OP las van die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding is daar so pas 'n lys Afrikaans-Engelse en Engels-Afrikaanse terme in verband met liggaamlike opvoeding uitgegee. Die lys omvat 'n taamlik uitgebreide sportgebied, soos bv. gimnastiek, atletiek, voetbal, hokkie, krieket, gholf, swem, boks, stoei en selfs die skermkuns.

Soos 'n mens kan verwag, moes die komitee heelwat benamings self skep, veral ten opsigte van sportsoorte waarop die Afrikaner hom in die laaste jare eers toelê en waar by dus nie soveel kon put uit 'n terminologie wat reeds in die loop van jare veral deur die sportredakture van die Afrikaanse pers opgebou is nie. Een van die skeppinge wat seker nie algemeen ingang sal vind nie, is „lummel" vir „loafer" en „loaf." Want as 'n „loafer" 'n lummel is, watter naam moet die onderwyser dan aan die lummel in sy klas gee, wat miskien hoegenaamd nie 'n „loafer" is nie? Aan die ander kant sal daar seker nie beswaar wees teen „liemaak" vir „feint" nie, want ons ken dit reeds as vertaling vir „give the dummy," „side-step" ens. Ongelukkig beskik ons nie oor genoeg ruimte om verder aan te haal nie, dus verwys ons belangstellendes na die lys self, wat teen 1s. per eksemplaar van die Raad vir Liggaamlike Opvoeding, Pretoria, bestel kan word.

Ons Afrikaanse sporttaal is nog baie gebrekkig. Deels is dit te wyte aan onverskilligheid en slordigheid van skrywers en sprekers oor sport, en deels aan gebrek aan gepaste benamings. Hierdie lys sal veel daartoe kan bydra om beoefenaars en liefhebbers van sport vertroud te maak met die verskillende terme in Afrikaans sowel as met die juiste Engelse ekwivalente. Die lys is opgestel deur 'n komitee wat bestaan het uit prof. J. J. Smith van Stellenbosch (voorsitter); mej. M. Logeman, inspektrise van liggaamsopvoeding in Kaapland; dr. A. Obholzer, vroeër hoof van die afdeling Liggaamsopvoeding van die Universiteit van Stellenbosch; mnr. M. J. Posthumus, vertaler in die Departement van Verdediging; kapt. D. S. Pretorius, instrukteur in die Verdedigingsmag; mnr. C. Smit, organiseerder van liggaamsopvoeding in die Unie-departement van Onderwys; en mnr. H. J. Taylor, inspekteur van liggaamsopvoeding in Kaapland. Dit is 'n bekwame vakkundige komitee; maar aangesien die terminologie nie tot liggaamsopvoeding in die enger sin beperk is nie, sou dit seker van nut gewees het as die komitee ook 'n aantal persone ingesluit het wat in nouer verband met die verskillende soorte sport staan en wat dus ook bekend sal wees met die moeilikhede wat die toepassing van die voorgestelde terme sal meebring.

## Volkspele in Durban

VANAF 6 tot 11 Oktober aanstaande sal daar 'n buitengewone kursus in volkspele en -sang in Durban gehou word. Dit word georganiseer deur die Durbanse Skakelkomitee en daar word voorlopig voorsiening gemaak vir sowat 350 deelnemers. Persone wat wil deelneem, moet òf 'n vereniging verteenwoordig òf deur 'n kerkgenootskap of vereniging goedgekeur word. Belangstellendes moet hul navrae rig aan mnr. J. van der Vyver, Shamrockweg, Wentworth, Durban.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012